

Jesaja 6:1-5: Drie maal heilig, wee my...

As ons die heiligheid van die HERE sien
en beseft Hy is gans anders as wat bestaan,
en net ietsie van Sy heerlijkheid begin verstaan,
sal ons neerval oor die straf wat ons verdien...

Santie het Jesaja 6:1-5 vir ons so uitgebeeld:



Ek het hierdie gedeelte in Jesaja behandel in 'n video – luister gerus daarna op <https://totueer.blog/video/bundel-k-jesaja-dag-6/>

Jesaja is in die oorspronklike taal in digvorm, so op die volgende bladyse het ek dit berym sodat jy ietsie kan ervaar van hoe die oorspronklike lesers dit ervaar het.

DAG 6: Drie maal heilig, wee my...

Beryming:

In die sterfjaar van koning Ussia, was dit,
toe het ek my Heer sien sit
op 'n verhewe troon, in die hoogte gehul,
Die some van sy kleed,
so groot moet julle weet,
het die tempel gevul.

Serafs het bo Hom gereedgestaan.
Elkeen met ses vlerke aan:
Twee vlerke bedek sy gesig,
met twee bou hy sy voete buite sig
en met twee kon hy vlieg deur die lug.

“Heilig, heilig, heilig”, roep hul uit,
“is die HERE, Heerser oor alles wat lewe.
Die hele aarde is vol van sy heerlijkheid.”
Die deurpenne in die drumpel het gebewe
van die roepende geluid wat vul.
Die tempel is met rook gevul.

Ek het gesê: “Wee my, want ek is verlore!
Want ek is 'n mens met onrein lippe gebore,
en die volk waar ek woon
se lippe is ook nie skoon.

Die dood is wat ek verdien
Ja, my oë het gesien
die Koning, die HEER,
Heerser oor alles wat regeer.

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

*1 In die sterfjaar van koning Ussia
het ek my Heer sien sit
op 'n hoë en verhewe troon.
Die some van sy kleed
het die tempel gevul.*

*2 Serafs het bo Hom gereedgestaan.
Elkeen het ses vlerke gehad:
Met twee vlerke het elkeen sy gesig bedek,
met twee het hy sy voete bedek
en met twee kon hy vlieg.*

*3 Hulle het na mekaar geroep en gesê:
“Heilig, heilig, heilig
is die HERE, Heerser oor alle magte
Die hele aarde is vol van sy heerlijkheid.”
4 Die deurpenne in die drumpel het gebewe van
die geluid van die een wat roep.
Die tempel het vol rook geword.*

*5 Ek het gesê: “Wee my, want ek is verlore!
Want ek is 'n mens met onrein lippe,
en by 'n volk
met onrein lippe woon ek.*

*Ja, my oë het die
Koning, die HERE,
Heerser oor alle magte,
gesien.”*